# Word jy bedreig deur gesinsgeweld?



**bybelgenootskap**
van suid-afrika

## Jy is nie alleen nie!

Dalk is jy een van die duisende mense in ons land wat blootgestel word aan gesinsgeweld. Glo jy, soos baie van hierdie slagoffers, dat jy iets verkeerd gedoen het en daarom die mishandeling verdien?

## Die Bybel keur mishandeling nie goed nie

Jesus het na die aarde toe gekom om mense uit slawerny te bevry. Hy bring ’n nuwe bestel waar elke mens – man, vrou en kind – die reg het om met menswaardigheid behandel te word.

“So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”
Matteus 20:28

Julle is vrygekoop en die prys is betaal; moet dan nie slawe van mense wees nie.
1 Korintiërs 7:23

Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.
1 Korintiërs 3:16-17

***Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling.**

## Die skande van mishandeling

As 'n mishandelde persoon ervaar jy waarskynlik 'n diepe gevoel van skaamte wat jou laat glo dat jy nie werd is om liefde te ontvang nie. Tog verseker die Bybel jou dat jy volmaak na God se beeld geskep is.

God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.
Genesis 1:27

God het jou met eindelose sorg aanmekaar gesit:

U het my gevorm,
my aanmekaargeweef
in die skoot van my moeder.
Ek wil U loof,
want U het my
op 'n wonderbaarlike wyse
geskep.
Wat U gedoen het,
vervul my met verwondering.
Psalm 139:13-14

## God is jou beskermer

Die Here is my rots, my skuilplek
en my redder,
my God, my rots, by wie ek skuil,
my skild en sterk verlosser,
my veilige vesting,
my toevlug en bevryder.
Van geweld het U my verlos.
2 Samuel 22:2-3

## Glo dat God jou liefhet

Jy is ʼn geliefde kind van God wat nie verdien om mishandel te word nie.

Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.
Romeine 8:15-16

Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.
Romeine 8:38-39

## Kry hulp!

Daar is talle organisasies in Suid-Afrika wat daarop ingestel is om mense in situasies waar mishandeling plaasvind, te help.
Skakel Life Line by **0800 150 150.**

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
Bybels en Oudiobybels is op die **BibleSA-app** beskikbaar.